Tema: Bring jou gewete tot rus in God wat alles weet.

Lofsang met die oog op die erediens
Lied 514: 1,2
Sb. 2 - 2: 1,2

Ontmoetingsdiens
Intreelied Sb. 5-4: 1,5,6
Votum
Seën
Loflied Sb. 2 - 4: 1,3
Geloofsbelydenis: Sing Sb. 12 - 3: 1,2

Verootmoedigingsdiens
Wetlesing: Rom. 13: 8 – 14
Sing Ps. 73- 1: 9,10
Gebed

Sakramentbediening
Doopformulier
Doop
Sing na die doop Ps. 105-1: 5
Gebed.

Woorddiens
Skriflesing: 1 Johannes 3: 18 – 24
Woordbediening.

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawes
Sing Sb. 17 - 2: 1,5,6,7,8
Seën
Amenlied Sb13 - 2.

Geliefde brs en srs en liewe kinders

Die Here wil hê dat ons absolute sekerheid moet hê oor ons verhouding met Hom en ons posisie voor Hom! Hy wil hê dat ons nooit moet twyfel dat ons sy kinders is en dat ons sonde vergewe is en dat ons die ewige lewe ontvang het nie! Johannes sêêin hf 5: 13 dat dit die rede is waarom hy hierdie brief skrywe sodat hulle wat die lees – ook ons vanmore - absolute duidelikheid en vaste sekerheid in hulle geloof kan hê.

Vanaf hoofstuk 1 waarsku Johannes ons dan teen ’n klomp gevare wat ’n mens jou sekerheid kan beroof. Dinge in die wêreld wat jou kan laat twyfel. Hy skryf bv. oor die duisternis – die magte van die Satan wat jou wil laat twyfel. Hy praat oor antichriste en dwaalleraars en ongelowiges wat met leuens jou wil laat twyfel aan die waarheid van wat God vir jou sê. Hy vertel van bose dinge in die wêreld wat jou wil laat twyfel.

En hier in ons teksgedeelte wys Johannes daarop dat daar selfs binne in ons iemand is wat ons kan laat twyfel in ons verhouding met God! En wie is dit? Dit is my gewete! My gewete kan my in twyfel en onsekerheid laat beland!

Wat is my gewete? Die Griekse woord vir “gewete” beteken letterlik: om saam met iemand iets te weet! Johannes gebruik hier die woord “hart” wat ook my diepste innerlike wese aandui! My innerlik mens wat saam met my weet wat reg of verkeerd is.

My gewete is die vermoë wat God aan ons gegee het om te kan onderskei tussen wat reg en verkeerd is! Die gewete van die mens het die eerste keer na die sondeval in aksie gekom toe Adam en Eva besef het dat hulle gesondig het en kaal is en vir die Here in die tuin van Eden weggekruip het!

Hierdie vermoë van die gewete wat God vir die mens gegee het, is bedoel om ’n positiewe invloed op my verhouding met God uitoefen! My gewete waarsku my teen die verkeerde en wys my voortdurend om die regte dinge te doen.

Maar sê Johannes in ons teksgedeelte: my gewete kan ook my verhouding met my Vader negatief beinvloed! My gewete het ook die funksie om my aan te kla oor alles wat ek verkeerd doen! ’n Mens sou kon sê dat daar daagliks binne my ’n hofsaak aan die gang is! God is die Regter, my gewete is die Aanklaer en ek is die beskuldigde!
Ons almal ken mos hierdie hofsaak wat elke dag in my afspeel, nie waar nie?

Br en sr, waaroor kla jou gewete jou aan? Waaroor voel jy staan jy skuldig oor een of ander saak? Ons het as kinders van God ‘n intieme verhouding met Hom en daarom ook ‘n baie aktiewe gewete. Omdat ons die Here liefhet en reg wil dien, herinner ons gewete ons gedurig aan die dinge waarin ons nog nie die Here volkome of met oorgawe dien nie. Die kleinste misstap kan in my gesprek met my gewete tot ’n groot

hofsaak verhef word wat my so oorweldig dat ek in gedurige skuldgevoel voor die Here leef!

En wanneer Johannes ons in ons teks aanmoedig om ons liefde teenoor mekaar nie net met woorde en lippetaal te bewys nie maar met opregte dade van liefde, dan skop die gewete dadelik in. My gewete tree dadelik in gesprek met my en vra of ek hieraan voldoen?

Geliefdes, ons kan ook gevangenes van ons gewete word! Ek kan so vasgevang raak in my gewete en al die dinge waarin ek as gelowige “misluk”, dat ek naderhand aan my kindskap van God kan begin twyfel! Ek bou soveel skuldgevoelens op dat dit tussen my en my Vader kom staan. Die Satan sal my skuldige gewete ook misbruik om my in sonde vasgevang te hou – hy herinner my gedurig aan my sonde en onvolmaaktheid.

Daarom kom gee die Here vanmore vir ons hierdie goeie nuus: moenie jou kindwees meet aan jou gewete nie! Moenie jou posisie voor God uitwerk op grond van jou gewete nie! Nee! Meet dit aan wie God is en wat God sê en doen! God is groter as ons gewete en Hy weet alles! Ek moet my gewete tot rus bring in God wat alles weet!

Kinderlik gesê: my gewete weet toe nie alles nie! Hy is toe nie so slim as wat ek gedink het nie! Want my gewete is immers nog deel van hierdie sondige bedeling! Daarteenoor is God groter! Hy weet alles en in Hom kan ek my gewete tot rus bring!

1. Die eerste saak waarop ons fokus is dat ons ons gewete tot rus moet bring in God.
2. Die tweede waarna ons gaan kyk is vrug van ’n goeie gewete nl dat my verhouding met God verdiep, dat my gebedslewe groei, dat ek vaster aan Jesus glo en dat ek met die krag van die Heilige Gees kan doen wat God van my vra.

Br en sr, moenie toelaat dat jou gewete jou veroordeel nie! Dat jy voortdurend in die beskuldigde bank staan en dat jou skuldgevoelens jou oorweldig nie! Ons weet dat ons steeds sonde doen – dis immers die taak van ons gewete om ons daaraan te herinner!

Wanneer Johannes ons hier in die teks oproep om ons naaste nie oppervlakkig lief te hê nie maar met opregte woorde en dade van liefde, dan slaag ons nie altyd daarin nie! En ons nie sondig nie net wat ons naasteliefde betref nie! Ons sondig in ons verhouding teenoor ons God ons Vader. Ons is nie gehoorsaam aan al sy gebooie nie! Ons heriêner onsself elke Sondag daaraan in ons verootmoediging hier in die erediens! Het ons nie in Romeine 14 gelees dat ons liefde aan ons naaste “verskuldig” is nie! En hieroor sal my gewete my gedurig aankla!

Hoeveel ander dinge is daar nie waaroor ons skuldig voel nie! Ons voel skuldig teenoor ons geliefdes teenoor wie ons nie altyd reg optree nie! Hoe dikwels faal ’n mens jou huweliksbeloftes en jou doopbeloftes! Hoe dikwels faal ek nie in my taak en roeping in

my werk nie! Hier teen die einde van die jaar dan besef ’n mens hoeveel dinge van jou werk het jy nie by uitgekom nie! En daaroor kla jou gewete jou aan!

Wanneer ek so vasgevang raak in my gewete en alles waarin ek skuldig staan, dan skaad dit my verhouding met God. Dit ontneem my nie net my vrymoedigheid in my verhouding met die Here nie. Ek begin Hom vermy!
Ons kinders weet mos ook van hierdie wegkruip vir pappa en mamma as jy iets verkeerd gedoen het, nie waar nie. Jy bly mos so bietjie uit hulle pad want jy weet jy is in die moeilikheid!
Dit gebeur net so ook met ons in ons verhouding in die Here! Johannes sê dit maak jou skaam, dit laat jou skuldig staan en daarom het jy nie vrymoedigheid teenoor die Here nie!

Meer nog, jy begin nou jou staanplek voor die Here bevraagteken! Is ek regtig ’n kind van God as ek so baie sonde doen? Ek staan al weer in die beskuldigde bank van my gewete! En hier begin Satan sy kant bring deur my aan God se liefde vir my te laat twyfel en my te begin oortuig dat ek nie so wonderlike kind van die Here is nie en dalk is ek nie eens gered nie – want kyk hoe lyk my lewe!

Geliefdes, dit is hierdie innerlike stryd waarna Johannes verwys as hy sê: dat jou gewete jou veroordeel! Nou begin jy verkeerdelik jou kindwees van God beoordeel aan hoe goed of sleg jy in jou lewe doen! “n Goeie kind van die Here maak mos nie soos ek nou maak of soos ek nou lewe nie! En net daar beland jy in vertwyfeling en word jy vasgevang in jou gewete!

Nou beleef jy God net as ’n Regter wat my wil uitvang en my skuldig bevind! En op grond van hierdie verkeerde belewenis van God, vlug jy voortdurend weg van die Regter en voel jy heeltyd skuldig! En word jy soos ’n stout kind wat pa vermy want jy weet jy gaan sla kry!

Geliefde br en sr, daarom sê Johannes: jy moet jou gewete tot rus bring omdat jy vashou aan God wat groter is as jou gewete! God weet beter as jou gewete! Jou kindskap en jou redding en jou genade hang nie af van wie jy is en wat jy doen nie, maar van Wie God is en wat Hy doen! Natuurlik moet ek luister vir my gewete wat my wil leer wat reg en verkeerd is, maar dit bepaal nie my redding nie! My sonde ontneem my nie my kindskap nie!

Nee, daarvoor is God groter as my gewete! Hy het vir my vryspraak uit die regbank van my gewete bewerk! Ek staan nie meer skuldig nie – daar is vir my skuld betaal! En daarom kan my gewete my nie veroordeel nie!
God - as Regter - voor wie ek inderdaad skuldig staan wanneer sondig en my gewete my aankla, het vir my sonde betaal en nou kan ek vry uitgaan uit die hofsaal van my gewete! Dit is wat Christus vir ons kom doen het! Dit is die wonderlike bevrydende nuus!

Ons lees daarvan in Heb. 10: 19- 22 (wys skyfie)
“[19]Broers, ons het dus nou deur die bloed van Jesus vrye toegang tot die heiligdom, [20]en dit op ’n weg wat nuut is en na die lewe lei. Hierdie weg het Hy vir ons gebaan deur die voorhangsel heen, dit is deur sy liggaam. [21]En terwyl ons Hom ook as groot priester oor die huis van God het, [22]laat ons tot God nader met ’n opregte hart en met volle geloofsekerheid. Ons harte is immers gereinig van ’n skuldige gewete, en ons liggame is gewas met skoon water.”

Nou is God nie nie meer my Regter nie! Ek is vrygespreek: nou is God my Vader wat my liefhet en wat my verseker dat ek Sy kind is! Jesus het vir al my skuld betaal en enige sonde wat ek doen kan geen skeiding tussen my en my Vader bring nie! Christus se offer aan die kruis het my volkome skoon gewas!

Dit is immers die boodskap en betekenis van die Doop! Ons lees daarvan in 1 Petrus 3: 21:
[21]Dit dui op die doop, waardeur julle ook nou gered word. Die doop is nie ’n afwassing van die vuilheid van die liggaam nie, maar ’n bede tot God om ’n skoon gewete, en dit red julle op grond van die opstanding van Jesus Christus.

Die doop is ’n gebed dat God in Christus ook baba Christian se sonde sal afwas sodat sy gewete hom eendag nie so sal aankla dat hy twyfel aan sy kindskap nie! Ja, die Doop herinner my dat Christus se bloed my skoonwas en dat ek vir altyd deur die geloof ’n kind van God sal wees! Die Doop is bedoel om vir my hierdie sekerheid te gee van wat die Groot God aan klein mensies doen!

Geliefdes, so bring ek my gewete tot rus in God wat groter as my gewete is en wat alles weet! Hy weet ek is sy kind deur Jesus Christus ! Hy weet dat Hy my liefhet en dat ek hom liefhet! Was dit nie die woorde van die dissipel Petrus toe die Here Jesus hom daar op die strand met sy sonde gekonfronteer het en die Here hom drie keer gevra het of Petrus Hom liefhet nie? Petrus wat uitroep: Here U weet alles – U weet dat ek U liefhet!
God weet dat ek nog sonde doen – maar Hy weet ook dat Christus betaal het en datHy my sonde vergewe het en dat ek vrygespreek is! En Hy wil dat ek hierdie sekerheid in my sal hê! Dat ek nooit sal twyfel aan my kindskap of my vryspraak nie! Dit is staan vas in Christus!

Nou kom ons ten slotte korliks by die tweede saak uit ons teksverse: die vrug van ’n goeie en skoon gewete voor God!
Nou ken ek God as my Vader en my Jesus as my Verlosser! Ek kan my Vader met ’n skoon gewete dien! Nou luister ek na die stem van my gewete om my te leer om God met dankbaarheid te dien! Vanuit my sekerheid in Christus groei my geloof in Hom al hoe dieper! Nou is daar by my vrymoedigheid om na God te gaan!
Johannes spel dit uit: my gebede word verhoor! Ek ontvang van God wat ek bid op grond van hierdie nuwe verhouding met God. Vers 22 moet nie gelees word asof ek

met my goeie dade die verhoring van my gebede verdien nie! Nee, Johannes anker dit in wat God gedoen het! Vanuit my verlossing deur Jesus kan ek doen wat God behaag! Ek hoef oor niks meer skuldig te voel nie! Ek is vrygespreek! Nou kan ek fokus op hoe ek my verhouding met God kan laat groei!

Met ’n skoon gewete kan ek fokus op die gebooie van God om dit met die krag van die Heilige Gees ten beste na te leef! Want ek weet mos nou dat God die Heilige Gees in my woon en dat Hy my lei! Paulus skryf dat ons gewete deur die Heilige Gees gelei word en dat ons nou met volle krag en oorgawe ons Vader kan dien! So bly God in ons en ons bly in Hom!

Nou is by my geen twyfel, geen onsekerheid en geen vrees meer in my lewe nie! Net ’n vaste sekerheid in die groot God wat my in Christus vrygespreek het en wat my as Vader oneindig lief het! Nou kan fokus ek op Christus om te groei in my geloof in Hom! Om Hom te volg op die pad na die Vader wat Hy vir my oopgemaak het! So ervaar ek die krag van die Heilige Gees wat my vul en lei om God met vreuge en dankbaarheid te dien!

So geliefdes kan ek my gewete tot rus bring in God wat alles weet! So gee die Here my sekerheid en vaste grond onder my voete – omdat Hy groter is as my gewete.

Amen